

# KATOEN COTTON



Volume 20 - No. 2  
SEPT 2018



# Candia BG2RF kort, kragtige katoen



**FiberMax®  
katoen**  
**CANDIA BG2RF**

Bayer se katoenkultivar Candia BG2RF bevat beide die BollGuard®- en Roundup Flex® -geen. In grootskaalse kommersiële aanplantings oor verskeie seisoene het die kultivar in al die kernproduksiegebiede goed presteer.

#### CANDIA BG2RF BESKIK OOR DIE VOLGENDE EIENSKAPPE:

- Uitstekende ontkieming en groeiwiekigheid;
- Kompakte plant met uitstekende bolproduksievermoë; en
- 'n Goed ontwikkelde wortelstelsel.



Candia BG2RF toon 'n goeie ontkieming.

#### WISSELBOU

Candia BG2RF het 'n goed ontwikkelde wortelstelsel. In huidige produksiestelsels bied katoen 'n goeie alternatief in wisselbou stelsels vir die tradisionele koring en mielies stelsel.



Candia BG2RF bied uitstekende bolproduksie vermoë

#### OPBRENGS EN KWALITEIT

Met die evaluasie en kommersiële aanplantings het Candia BG2RF 'n baie goeie opbrengs gebied. Die vesel gehalte was ook goed en vesel persentasie was tot 3 % bo die standaard met vanselfsprekende ekonomiese voordele.

#### SAMEVATTING VAN DIE LNR-IIG KULTIVAR EVALUASIES:

	Loskop	Upington	Weipe
	Candia BG2RF	Candia BG2RF	Candia BG2RF
Opbrengs kg/ha	6 984	7 042	5 816
Veselopbrengs kg/ha	3 100	3 159	2 825
Vesel %	45	43.8	46
Lengte (mm)	31.6	30.9	31.5
Eenvormigheid	85.1	82.3	85
Veselsterkte	29.4	31.2	27.3
Micronaire	3.8	4.2	3.5
Volwassenheid	0.88	0.88	0.83

#### SAMEVATTING VAN DIE LNR-IIG KULTIVAR EVALUASIES:

#### PROEWE - KOEGAS B

Datum	Var 1	Var 2	Var 3	Var 4	Var 5	CANDIA 2BRF
Opbrengs t/ha	5.1	6.5	6.5	6.6	7.3	8
Mikronér	4.0	3.3	3.1			3.5

#### UITSTEKENDE BOLPRODUKSIE

Candia BG2RF is 'n baie kompakte plant maar bied 'n besonder goeie bolproduksie vermoë.

Bayer se Candia BG2RF is beskikbaar by GWK in die Noord-Kaap, Obaro in Noordwes of Loskop Katoen in Limpopo.

#### VIR MEER INLIGTING KONTAK

Callie Kruger by [callie.kruger@bayer.com](mailto:callie.kruger@bayer.com) of 082 458 8573

# INHOUD CONTENTS

## Voorwoord / Preface

Pg 3

## Droëland katoenproduksie in die Vaalharts Pluismeulegebied

Pg 4

## Die Aanplant van Katoen

Pg 6

## Suikerrietboere Kyk na Katoen

Pg 8

## Oorstaankatoen

Pg 9

## Berekening van Plantdigtheid

Pg 10

## SA Cotton Situation

Pg 11

## Cotton News / Katoennuus

Pg 12

## Katoenmarkverslag

Pg 14

## Outlook on Textiles & Clothing

Pg 16

## Die Gradering & Bemarking van Katoen

Pg 17

## Kwaliteitsbeheerafd. Besoek

Pg 19

## Jong Katoenboere Studietoer na Australië

Pg 20

## Stand van Damme en Klimaatsvooruksigte

Pg 22

**Editor / Layout:** Koot Louw  
[kootlouw@cottonsa.org.za](mailto:kootlouw@cottonsa.org.za)

Tel: 012 804 1462

Editorial Committee:

Hennie Bruwer, Koot Louw,  
Hein Schroder, Robbie Kemp

**CEO:** Hennie Bruwer

Tel: 012 804 1462

Fax: 012 804 8616

Website: [www.cottonsa.org.za](http://www.cottonsa.org.za)  
PO Box 912232, Silverton 0127 PRETORIA  
SOUTH AFRICA

# VOORWOORD / PREFACE

Die jongste handels- en prysverwikkelinge in die graan- en suikerbedrywe het tot gevolg dat heelwat navrae van boere in daardie bedrywe ontvang is rakende moontlike toetreden tot katoenverbouing in 2018/19. Die sentiment jeens katoenverbouing was lanklaas so positief en die bedryf is tans in 'n voordele posisie wat benut moet word ten einde broodnodige skaalvoordele te bewerkstellig wat die mededingendheid van die sub-sektor sal verbeter.

Die katoenbedryf het sedert 2014/15 'n totale ommeswaai in die produksie en investering op primêre- sowel as sekondêre-sektore ervaar. Die verwagting is dat aanplantings en investering verder in die 2018/19-seisoen sal toeneem nadat produksie alreeds met meer as 600% oor die afgelope 4 jaar gestyg het. Die groei in produksie- en pluiskapasiteit het tot gevolg dat vertroue in die sektore herstel word waaronder nuwe investering en vennootskappe in die katoen-, tekstiel- en klerewaardebeketting nie moontlik is nie.

Hierbenewens is die die grootste kleinhandelaars verbind tot die plaaslike veredeling van katoen op voorwaarde dat dit besigheidsin maak. Tydens 'n onlangse inligtingssessie van een van die vernaamste plaaslike klerekleinhandelaars is die belangrikheid van vennootskappe in die voorsieningskettings beklemtoon en is katoen, as die primêre grondstof vir meeste van hul produkte, tans baie goed geposioneer om voordeel hieruit te trek. Verkryging van plaaslike verwerkte grondstowwe is die kern tot vinniger voorraadomsetting met gevoldlike verhoogde winsgewendheid wat nie altyd met invoere moontlik is nie!

'n Sakeomgewing waarin daar genoeg vertroue is om die privaatsektor aan te moedig om in die plaaslike ekonomiese te belê, is broodnodig. As jy nog nie deel is van die opwindende plaaslike katoenreis nie, word deel, want almal sal nou moet help om werk te skep. Die styging in Suid-Afrika se werkloosheid is 'n tydbom en 'n nasionale ramp wat dringend 'n nasionale plan verg waarin alle belanghebbendes 'n bydrae moet lewer.



Hennie Bruwer

The latest trade and price developments in the grain and sugar industries have resulted in many inquiries from farmers in those industries regarding possible entry into the cultivation of cotton in 2018/19. The sentiment for the cultivation of cotton has not been this positive for a long time and the industry is presently in an advantageous position that should be utilised in order to secure much needed economies of scale that will improve the competitiveness of the sub-sector.

Since 2014/15 the cotton industry has experienced a total turnaround in production and investment in the primary and secondary sectors. It is expected that plantings and investment will increase further in the 2018/19 season following the production increase of more than 600% over the past 4 years. The growth in production and ginning capacity means that confidence has been restored in these sectors, without which, new investment and partnerships in the cotton, textile and clothing value chain would not be possible.

In addition, the largest retailers have committed themselves to the local beneficiation of cotton provided it makes business sense. During a recent information session by one of the major local clothing retailers, the importance of partnerships in the supply chain was again confirmed and cotton as the primary raw material for most of their products, is currently well positioned to benefit from this. The acquisition of local processed raw materials is the key to faster stock turnover, resulting in increased profitability that is not always possible with imports!

A business environment in which there is enough trust to encourage the private sector to invest in the local economy, is desperately needed. If you are not yet part of the exciting local cotton journey, join now, as everyone will have to do their bit to create jobs. The increase in South Africa's unemployment figure is a time bomb and a national disaster that urgently requires a national plan to which all stakeholders must contribute.

# Katoenproduksie in die droëlandgebied van die Vaalharts Katoenpluis-meule lyk belowend



Louis Olivier, Vaalharts Katoen

Vaalharts Katoen se tradisionele bedieningsgebied was hoofsaaklik binne die grense van die Vaalharts besproeiingskema gesetel. Hierdie gebied is die afgelope 10 jaar gekenmerk deur die klemverskuiwing van tradisionele wisselbou met koring, gars, mielies, grondbone, katoen en lusern na permanente gewasse soos sitrus, olywe en sagtevrugte wat onsuksesvol blyk te gewees het maar waarvan pekanneute deurslagwend suksesvol was. Die pekanbedryf is besig om die besproeibare hektare te beset teen 'n drastiese tempo. Hierdie situasie bedreig dan ook die volhoubaarheid van katoenproduksie in die bedieningsgebied van Vaalharts Katoen.

Vaalharts Katoen het daarom ongeveer drie jaar

gelede begin uitgaan na ander gebiede (soos Stella, Setlagole, Migdol, Sannieshof, Mareetsane, Burmansdrift, Schweizer-Reneke en Bothaville) en het met die hulp van verskeie medewerkers, proefaanplantings begin doen.

Hierdie soek na potensiële nuwe voorsieningsgebiede het saamgeval met die behoefte van droëlandprodusente om alternatiewe vir die tradisionele mielies, sonneblom en soja's te soek.



Katoen blyk aan die soek te voldoen by wyse van goede prys, opbrengste en die ekstra droogte weerstandbiedendheid.

Na vele pogings en met wisselende resultate a.g.v. die geweldige lae reënvalsiklus die afgelope drie jaar het daar ten einde laaste lig in die tonnel begin skyn. Vaalharts Katoen het saam met 'n groep produsente in die Schweizer-Renekegebied strookproef-aanplantings gedurende die 2017/18 seisoen met groot sukses gedoen wat die moontlike potensiaal van katoen vir die droëlande weerspieël.

Die meegande tabelle weergee die eerste jaar data van hierdie aanplantings (met dank aan Joseph du Plessis van Locklore Boerdery).

## KULTIVARPROEWE

Plantdatum	9 Oktober 2017
Plantestand	80 000 pitte/ha geplant
Rywydte	1.1 m gemidd. (0.76m treinspoorrye)
Bemesting	75kg N, 20kg P & 17.5kg K 250kg/ha 10.6.3 (19) & 310kg/ha 10.1.2 (21)
Aalwurmdoder	5.7kg/ha Terbufos (Counter)
Saadbehandeling	Candia met Caucho & Celest en DP 1541 B2RF DP 1531 B2RF met Cruiser & Carboxin/Thiram

## STANDPROEWE

Plantdatum	9 Oktober 2017
Kultivar	Candia
Rywydte	1.1 m gemidd. (0.76m treinspoorrye)
Bemesting	75kg N, 20kg P & 17.5kg K 250kg/ha 10.6.3 (19) & 310kg/ha 10.1.2 (21)
Aalwurmdoder	5.7kg/ha Terbufos (Counter)
Saadbehandeling	Caucho & Celest

Kultivar	Area (ha)	kg	vog %	ton/ha
60 000 pitte	1.44	7805	7.0	5.6
80 000 pitte	1.43	8435	7.9	6.0
100 000 pitte	1.10	6494	8.5	6.0
120 000 pitte	1.43	8749	8.4	6.2
Gemiddeld				6.0

**Standproewe:** Een herhaling is uitgelaat by die 100 000 pitte a.g.v. misrye - dit was by al die kultivars die beste herhaling. Indien die herhaling nie uitgelaat was nie, sou 100 000 pitte sekerlik die hoogste opbrengs gelewer het. Die 80 000 en 100 000 pitte proewe het makliker ge-oes as die ander.

## BEMESTINGPROEWE

Plantdatum	9 Oktober 2017
Kultivar	Candia
Plantestand	80 000 pitte/ha geplant
Rywydte	1.1 m gemidd. (0.76m treinspoorrye)
<b>Bemesting</b>	
25kg N, 15kg P & 7.5kg K - 250kg/ha 10.6.3 (19)	
50kg N, 17.5kg P & 12.5kg K - 250kg/ha 10.6.3 (19) & 155kg/ha 10.1.2 (21)	
75kg N, 20kg P & 17.5kg K - 250kg/ha 10.6.3 (19) & 310kg/ha 10.1.2 (21)	
100kg N, 22.5kg P & 22.5kg K - 250kg/ha 10.6.3 (19) & 465kg/ha 10.1.2 (21)	
Aalwurmdoder	5.7kg/ha Terbufos (Counter)
Saadbehandeling	Caucho & Celest

Kultivar	Area (ha)	kg	vog %	ton/ha
25N, 15P & 7.5K	2.24	10250	8.1	4.7
50N, 17.5P & 12.5K	2.24	9870	8.1	4.5
75N, 20P & 17.5K	2.23	9858	8.2	4.5
100N, 22.5P & 22.5K	2.21	9899	7.9	4.6
Gemiddeld				4.6

Uit hierdie tabelle is dit baie duidelik dat daar wel groot beloftes vir katoen in die genoemde gebiede is, maar daar moet duidelik gestel word dat daar ook besliste uitdagings is t.o.v. praktyke en toerusting alvorens potensiële produsente die skuif maak. Van hierdie uitdagings sluit in:

### Praktyke:

1. Oorländane is 'n moet.
2. Plantdiepte is 'n groot uitdaging.
3. Windskade op sandgronde 'n werklikheid.
4. Glifosaat weerstandbiedende onkruidie ook 'n faktor.

### Toerusting:

1. Oestoerusting is duur en groepe boere sal dalk moet saamwerk.
2. Die keuse tussen "Spindle" en/of "Stripper" masjiene is krities.
3. Pluiskapasiteit is beperk en sal heroorweeg moet word.
4. Vervoer van produk na pluismeule is 'n kostefaktor wat saak maak.

Die onderstaande kitsfeite, lys die kritiese faktore vir die aanplanting van droëlandkatoen soos opgestel deur Vaalharts Katoen:

### KULTIVARS

- Candia
- DP 1531 B2RF (*korter groeier*)
- DP 1240 B2RF
- DP 1541 B2RF
- Delta 18 RF (*5% toevlugarea*)

### PLANTDATUM

- Grondtemp. belangrik vir ontkieming en voorkoming van saailingsiektes
- Aanbevole gemidd. grondtemp. van 18°C oor periode van 5 dae (*08:00 vol profiel*)
- 25 Sep. tot 30 Okt. (*later vir DP 1531*)
- 165-180 dae groeiseisoen
- Ryp is bepalende faktor (*20 Apr. - 10 Okt.*)

### PLANTDIGTHEID

- 9 – 10 kg saad/ha (*grondtipe/klimaat bepalend*)
- ± 8 - 10 pitte/meter
- ± 10 cm inry pit spasiëring
- 0.91 m rywydte (*6 rye, las ry, stroper*)
- dubbelry (0.75 m)
- ± 80 000 – 100 000 plante/ha
- Hoë potensiaal 90 000 -110 000 pitte/ha

### SAADBEHANDELING

- Saad is behandel met swammiddel
- Gaucho verwante behandeling vir insekte (*plantluise, blaaspootjie, ens*)

### PLANTDIEPTE

- ± 20 - 30 mm
- Rol-eg belangrik!

### VOGBEHOEFTÉ

- 300mm – 700mm/jaar (*streek, groeiseisoen, metode en kultivar bepalend*)
- Opbrengs en water positiewe korrelasie
- Vol profiel voor plant belangrik
- Belangrik vanaf eerste blomknoppe tot einde Januarie (*25 Des. eerste blomme*)

### GRONDVOORBEREIDING

- Oorländane belangrik
- Nie beperkende lae (*tand 45 – 50 cm*)
- Ferm saadbed belangrik
- Grond/saad kontak belangrik
- Plant met eerste reën!
- Voorkom windskode: beperkte planreste help asook implant van koring/gars!

### BEMESTING

- Grondtipe bepalend
- Grondontleding belangrik
- Wisselbou (*voorafgaande gewas*)
- Stikstof (N): 60 - 100 kg/ha (*80-90% voor 8 weke na opkoms, ±10% in Jan.*)
- Fosfaat(P): 30 - 45 kg/ha (*voor plant*)
- Kalium(K): 50 - 70 kg/ha (*optimum verbruik 1e blomknop vir volgende 40 dae*)

### PESBEHEER

- Let op aalwurms in sandgrond
- Beheer insekte soos stinkbesies, bladspringers en plantluise op aanbeveling

### ONKRUIDBEHEER

- Atraziene gevær
- Glifosaat verwante beheer na opkoms
- Beheer Wandelende Jood betyds (*2 blaar stadium*)

### GROEIREGULEERDERS

- Pix slegs op aanbeveling
- Ontblaring 70-80% bolbars (*op aanbeveling*)
- Waterkwaliteit, druppelgrootte en hoeveelheid water/ha is belangrik
- Let op omliggende gewasse (*Pekanneute*)



# DIE AANPLANT VAN KATOEN

**Die vestiging van 'n eenvormige katoenoes van dag een af, is van kritiese belang want dit kan 'n groot invloed hê op die latere bestuur van die oes. Die mikpunt vir elke katoenprodusent moet wees om die oes een keer te plant en die verlangde plantestand en egaliteit te verkry. Heelwat klein dingetjies is ter sprake tydens die plantproses maar elkeen is van kardinale belang.**

**F**aktore wat die vestiging van katoen kan beïnvloed:

## Plantestand

Dit is baie belangrik om 'n eenvormige gespasieerde plantestand te vestig. 'n Eenvormige plantestand is van meer belang as

Opgesom uit 'n feiteblad gepubliseer deur CSD, Australië. *Koot Louw - Katoen SA*



die werklike aantal plante per meter. Dit is ook beter om eerder 'n plantestand te hê wat te hoog is as een wat te laag is. Kies 'n plantestand waarmee jy gemaklik is en wat die beste pas by jou type grond, jou waterbeskikbaarheid en bestuurstyl.

'n Eenvormige plantpopulasie van 10-12 plante per meter word in Australië aanbeveel en plantpopulasieproewe daar het getoon dat plantpopulasies bo 8 plante per meter nie 'n beduidende verskil in die finale opbrengs van die oes getoon het nie.

## Grondtoestande tydens plant

- Ongelyke of kluiterige grond kan lei tot oneweredige saadplasing, swak grond/saad kontak en vogkontak wat wisselende ontkieming en gapings in plantstand tot gevolg het.
- Saadbeweging dieper in die grond in is ook waargeneem in nat grondtoestande.

- Ongelyke plantdiepte kan verger word deur 'n te vinnige plantspoed wat oormatige sponse en vibrasie van die plantereënheid tot gevolg het.
- Die hoeveelheid stoppelbedekking en katoenreste kan ook 'n impak op saadvestiging hê. 'n Ongewenste scenario is wanneer hierdie reste in die plantsloot beland. Die beste resultate word verkry wanneer plantspoed so verminder word dat dit 'n akkurate saaddiepte deurgaans verseker.

## Grondtemperatuur

Temperatuur speel 'n belangrike rol in die tempo van ontwikkeling en ontkieming van katoensaaiinge. Onder 12°C word die groei van 'n katoenplant erg gestrem en ensiem-aktiwiteit binne die katoenplant funksioneer eers behoorlik wanneer temperature bo 15°C styg. Hoe hoër die temperatuur, hoe vinner die tempo van ontwikkeling en ont-

kieming.

Katoen is 'n temperatuur sensitiewe gewas en die wyse hoe die gewas op uiterste temperature reageer is deur af te skakel of om die fisiologiese prosesse in die plant te verlangsaam. Waar moontlik is dit belangrik om katoen te plant in temperatuurtoestande wat optimale groei en ontwikkeling sal aanmoedig.

Temperature na aanplant sal ook 'n impak hê op die tyd wat dit neem vir die plant om te voorskyn te kom. Hoe stadiger die plant groei, hoe groter is die kans van saailingdood deur siekte en insekskade. 'n Vinniger tempo van ontwikkeling word verlang want sodoende kom die katoenplant vinniger na vore en kan daar begin word om sy eie energie van sonlig af op te wek. Wortelgroei is ook vinniger wat die nadelige invloed van plae en siektespatogene minimaliseer en voorsiening word gemaak vir die ontwikkeling van 'n stewige wortelstelsel gevestig in grondvog.

In Australië is dit 'n aanvaarde riglyn vir baie jare dat die aanplant van katoen nie moet begin voordat grondtemperatuur teen 08:00 nie 14°C of hoër op 'n

diepte van 10 cm bereik het nie. Aanplantings onder 14°C sal wortelontwikkeling strem, water- en voedingstofopname verminder en maak plante baie meer vatbaar vir saailingsiektes en aanvalle deur insekte.

### Plantereenhede

'n Eenvormige plantestand is baie belangrik en die plantereenhed speel hier 'n baie groot rol. Plantereenhede moet vooraf uit die skuur geneem word en goed geïnspekteer word voor die aanplantproses en moet verslete onderdele vervang word, die planter moet skoongemaak word en bewegende dele gesmeer word en moet daar ook gesorg word dat sensors korrek gekoppel is en behoorlik werk.

### Plantspoed

Een van die sleutels tot eenvormigheid in plantestand is planterspoed. *"Die doel moet wees om met presisie te plant, nie met spoed nie."* Data vanaf Australië toon dat die ideale planterspoed sowat 8 - 10km/uur is. Die data toon ook dat die gemiddelde plantpopulasie begin daal wanneer die planterspoed meer as 10 km/uur of onder 8 km/uur is. In nattoestande het planterspoed min uitwerking op die finale vestiging van plantstand maar in ongelyke toestande met kluiterige grond of

met hoë stoppel- of plantmateriaalvlakte, het dit wel 'n wesenlike effek.

### Plantdiepte

Plantdiepte is 'n balanseertoertjie om voldoende saad/grondvogkontak te verseker en terselfdertyd die tyd vanaf ontkieming tot opkoms te verminder. Wanneer onder droëlandtoestande geplant word, is dit baie belangrik om te let op die digtheid van die saadbed. Kluiterige dele kan in duie stort wanneer vog arriveer en die saad beweeg dan af na 'n groter diepte as wat die bedoeling was, wat weer tot 'n ongelyke stand aanleiding gee.

Let veral op die digtheid van die grond bo die saad. As die druk van die planter se perswiele te hoog gestel is, kry jy oormatig gekompakteerde grond bo die saad en jong saailinge sukkel om te voorskyn te kom.

In Australië is daar met proewe vasgestel dat die beste plantstand behaal is met plantdieptes van tussen 2.5cm en 4cm. Op 'n diepte van meer as 5 cm kom ideale vestiging in die gedrang selfs onder ideale omstandighede. Dit word vererger by koeler temperature maar dieper aanplanting kan wel aangewese wees in geval van hoë temperatuurtoestande.



# Suikerrietboere kyk na katoen as wisselbougewas



By onlangse geleenthede te Pongola en Hectorspruit, het Katoen SA saam met SASRI (Suid-Afrika Suikerietnavorsingsinstituut) en SA Canegrowers, werkswinkels vir suikerrietbesproeiingsboere aangebied. Die bo-verwagte belandstelling was hoofsaaklik om katoen as wisselbougewas te verbou. Die Pongola- en Onderbergstreek (Malelane en Komatipoort) was tradisioneel katoenverbouingsgebiede. Daar word beplan om proewe in hierdie gebiede in die 2018-plantseisoen aan te plant. Katoen word reeds vir die afgelope twee seisoene suksesvol deur 'n aantal suikerboere in Pongola as wisselbougewas aangeplant.

Die voordele vir suikerrietboere om katoen as wisselgebougewas te plant, is die volgende:

- Met "Roundup Ready Flex" Bt katoenkultivars kan die suikerrietproduusente nou lande tydens katoenverbouing soveel as 3 keer met tot 3 liter Roundup per hektaar bespuit om veral die meerjarige kweek en onkruid te beheer. Resultate wys dat hierdie lande besonder skoon is na die aanplant van katoen.
- Opslagsuikerriet word doeltreffend beheer om siektes soos RSD en 'Smut'-infeksie te voorkom.
- 'n Breëblaargewas soos katoen is ideal om suikerriet, wat 'n grasgewas is, af te wissel.

- Met katoen se sterk penwortelstelsel (300 mm tot 1200 mm diep), kan 'n ploegsool gekraak word, wat weer help dat water en voedingstowwe dieper kan penetrer. Die penwortelstelsel verlig ook grondkompaksie op lande na 6–7 jaar se suikerriet verbouing.
- Nuwe katoenkultivars met 'n korter groeisiklus is reeds suksesvol verbou in ander besproeiingsgebiede.
- Met besproeiingswater al skaarser, kan katoen die suikerproduusent se waterverbruik vir daardie tydperk drasties verminder. Dieselfde geld ook vir die elektriese kragrekening wat besparing sal meewerk en terselfdetyd ook inkomste genereer.

• Katoen as wisselbougewas bied suikerboere die geleentheid om hul te diversifieer sonder om suikerrietlande te onttrek.

• Katoen aard goed in areas waar suikerriet verbou word, met sekere voorbehoude ten opsigte van die invloed van die kusklimaat.

• Laastens bevat die meeste katoenkultivars ook "Bollguard 2" gesertifiseerde Bt-tegnologie. Dit vergemaklik beheer omdat dit bespuitings fokus op die bekende algemene peste en plae.

Bogenoemde dien as riglyn en die inligting is verskaf deur Jurie Steyn ('n onafhanklike konsultant met 33 jaar ondervinding in katoennavorsing) en Marius Adendorff (SASRI). Vir meer inligting skakel gerus Katoen SA by 012 804 1462/3.

Tertius Schoeman, Katoen SA

# Oorstaankatoen

*Opsomming van 'n 1989 navorsingsverslag deur G A Niles en Martie Greeff van die Instituut vir Industriële Gewasse, Rustenburg.*

Katoen is van nature 'n meerjarige plant en solank daar nie ysige temperature of ander sterfgefaktore teenwoordig is nie, sal die groei en vrugvorming onbepaald van jaar tot jaar voortgaan. Katoen word egter hoofsaaklik as 'n jaarlike gewas verbou wat in dieselfde seisoen as wat dit aangeplant is, ge-oes word. Met hierdie konvensionele wyse van verbouing word enige plantoorblyfsels wat kan dien as potensiële habitat vir insekte en siektes, na die plukseisoen vernietig.

Die inherente meerjarige eienskap van katoen maak dit moontlik dat plante oor wintertydperke behou kan word ten einde een of meer oeste uit 'n enkele aanplanting moontlik te maak. Katoenplante kan in wese onaangeraak van een seisoen na 'n ander, sonder enige snoei, oorgedra word of alternatiewelik kan dit na die plukseisoen kort gesnoei word sodat 'n nuwe oes in die daaropvolgende op die nuwe lote van die plant geproduseer word.



'n Oorstaankatoenplant toon die vorming van sytakke na snoei.

As 'n agronomiese praktyk bied oorstaankatoen sekere voordele in produksiegebiede waar matige winters die oorstaan van katoenplante moontlik maak. Sekere produksiekoste verbonde aan grondvoorbereiding en plant kan uitgeskakel of verminder word en onder sekere omstandighede kan die kunsmisbehoefte ook laer wees.

Die aktiewe hergroei van oorstaankatoen begin al vroeg in die seisoen en blom en bolvorming kom ook vroeër voor as vir gesaaide katoen. Die vroeë vestiging van die blaredak help om onkruid te onderdruk en onkruiddoders kan ook gedurende die dormante wintertydperk toegedien word. Oorstaankatoen kan ook voordeel trek uit voor-seisoen reën en verder laat dit toe dat bolvorming en veselontwikkeling in die mees ideale tydperk van die seisoen plaasvind.

Oorstaankatoen bied nie noodwendig beter opbrengste as gesaaide katoen nie veral in gevalle waar vroeë-seisoen reën die tydige plant van gesaaide katoen toelaat. In geval van matige droogte en waar laatreën die aanplant van katoen vertraag, presteer oorstaankatoen wat opbrengs betrek soms beter as gesaaide katoen. Daar is ook geen wesentlike verskil tussen oorstaankatoen en aangeplante katoen wat betrek veselkwaliteit nie.

Die moontlike voordele hierbo genoem moet egter deeglik opgeweeg word teen die potensiële plaagprobleme waarmee oorstaankatoen geassosieer word. Vir 'n verskeidenheid van insekte, bied oorstaankatoen 'n geskikte winter habitat wat betrek voeding, oorlewning en aanwas. Dit hou nie net 'n groot risiko vir die oorstaanoe in nie maar ook vir katoen wat in die nabijheid aangeplant word wat dikwels swaar ge-infesteer word namate die oorstaankatoen minder geskik raak vir voeding. Oorstaankatoen dien ook as reservoirs vir sekere plantsiektes. Die oorlewning en vermeerdering van sekere plant-parasitiese aalwurms kan deur oorstaankatoen bevoordeel

word. Oorstaankatoen word oor die algemeen as 'n ongewenste praktyk in die meeste katoenproduserende lande beskou.

Oorstaankatoen het langtermyn implikasies wat nie oor die hoof gesien kan word nie, soos: stygende plaagbeheerkoste; verhoogde weerstand teen bestaande plaagdoders wat lei tot die gebruik van sterker en duurder chemikalië; ontwikkeling van sekondêre plaagprobleme; verhoogde siekte- en aalwurmkommer asook die opbou van meerjarige onkruidbevolkings. Die vroeë ontwikkeling van oorstaankatoen in vergelyking met 'n aangeplante oes, kan die vroeër as normale opbou van insekbewolking ondersteun wat aanleiding gee dat 'n plaagdoderbeheerprogram vroeër as gewoonlik ingestel moet word. 'n Verlengde gewasbeskermingseisoen sal waarskynlik bydra tot verhoogde produksiekoste; die ontwikkeling van weerstand teen insekdoders in sekere plaagspesies ondersteun; en verder ook bydra tot die verhoging van die graad van besmetting van die omgewing wat verband hou met die gebruik van chemiese plaagdoders.

Die meerjarige verbouing van katoen is in baie lande al toegepas maar in die meeste gevalle het die bedreiging wat peste inhoud tot gevolg gehad dat die praktyk verbied word of baie streng deur wetgewing beheer word. Met enkele uitsonderings word die praktyk van oorstaankatoen wêreldwyd as ongewens beskou en glad nie ondersteun nie.

Koot Louw - Katoen SA

Ingevolge wetgewing uitgevaardig deur die Dept. Van Landbou, moet alle bogroei op katoenplante teen 1 Sep. van elke jaar vernietig wees en moet katoenplante en -stopsels vry van hergroei vir die tydperk 1 Sep. tot 30 Sep. gehou word. Bogenoemde geld nie vir die distrikte Barberton, Carolina, Ermelo, Letaba, Mbombela, Ngotshe, Paulpietersburg, Pelgrimsrus, Piet Retief, Umbombo en Witrivier nie aangesien alle katoenplante in hierdie gebiede teen 1 Aug. van elke jaar heeltemal vernietig moet word.

# BEREKENING VAN PLANTDIGTHEID

“Die korrekte plantdigtheid (kilogram saad benodig per hektaar) sowel as behoorlike spasiëring kan help om die opbrengspotensiaal van katoenplante te maksimeer.”

Koot Louw - Katoen SA

## HOË PLANTPOPULASIES

Indien katoenplante te dig aangeplant word, kan die volgende voorkom:

- onnodige verhoging van saadkoste;
- die later aanvang van vrugvorming met 'n ietwat verkorte bolvormingstydperk;
- verminderde droogteverdraagsaamheid;
- verhoogde afspeen van bolle; en
- 'n toename in die aantal kleiner bolle.

Die aanbevole katoenplantpopulasie vir SA is: 80000 - 100000 plante/ha vir besproeiing en 55000 - 70000 plante/ha vir droëland. Volledige inligting met betrekking tot die plantdigtheid, plantdatums en kultivars wat vir die verskillende produksiegebiede vir die nuwe plantseisoen aanbeveel word, sal op 10 Sep. 2018 op Katoen SA se webblad ([cottonsa.org.za](http://cottonsa.org.za)) beskikbaar wees.

## LAE PLANTPOPULASIES

Plantpopulasies wat te laag is kan ook opbrengspotensiaal verminder en die volgende kan voorkom:

- 'n toename in plantgrootte;
- bolle word vroeër gevorm maar dit neem weer langer om 'n bolvrag wat optimum opbrengs verteenwoordig, te ontwikkel;
- bied bestuuruitdagings in geval van laat aanplanting- en kortseisoensenarios;
- bolvorming verskuif na die buitenste vrugdraende en vegetatiewe takke; en
- 'n toename in bolgrootte en mikronêr op sekere vrugposisies.

### Seeding Rate Calculator Example (plants per meter of row, plants per ha)

Variable	Result
Plants per meter of row	8
Space (meters) between rows	1.5
Your plant stand:	<b>53 333 plants/ha</b>
Divide by estimate of survival:	80% <b>66 667 seeds/ha</b>
Divide by germination % of seed:	95% <b>70 175 seeds/ha</b>
Your seeding rate:	<b>70 175 seeds/ha</b>
OR your seeding rate is:	<b>10.5 seeds per linear meter</b>
Divide by the no. seeds/kg for the variety:	11 800
<b>Kg seed/ ha required:</b>	<b>5.9 kg/ha</b>

## BEREKEN HOEVEEL KG SAAD PER HEKTAAR BENODIG, SOOS VOLG MET BG. FORMULE:

(Aantal plante per meter van ry) x (100 ÷ ryspasiëring in meters) x 100 = **aantal plante p/ha**


Deel die (**aantal plante p/ha**) deur die geskatte oorlewingskoers (80%) = **aantal sade p/ha**

Deel die (**aantal sade p/ha**) deur die ontkieming % van die saad (95%) = **finale aantal sade p/ha**

Deel die (**finale aantal sade p/ha**) deur die aantal sade p/kg vir die betrokke variëteit = **kg saad benodig p/ha**

# THE SOUTH AFRICAN COTTON SITUATION

Koot Louw - Cotton SA




## South African cotton production.

Although production of cotton lint by the six South African cotton ginners for the 2017/18 marketing year shows a 54% increase from the previous season with a further increase of 147% expected for the current marketing year, local cotton production is still a long way off from the record crops of 1988/89 and 1989/90 when local dryland hectares peaked at close to 130 000 hectares and irrigation hectares just over 50 000.

Irrigation cotton yields however continued to increase mainly due to access to the latest GMO seed technology since the turn of the century and also due to improved management practices.

## South African cotton consumption.


The total lint consumption by the 4 RSA spinning mills and one Swaziland spinning mill (temporary closed down in Dec 2017) for the 2017/18 marketing year of 21 664 tons was more or less unchanged from the previous year and the year before that. Cotton consumption by local spinning mills is however 46% down from 10 years ago, mainly due to the continued imports of low-priced textiles and apparel from Asia which impacts negatively on local demand as well as on textile and clothing exports.



## South African cotton trade.


Local cotton spinning mills imported 66% of their cotton requirements during the 2017/18 marketing season, 60% of which originated from Zambia. Zimbabwe, Mozambique and India were the other main suppliers in 2017/18, accounting for about 36% of cotton lint imports which amounted to 14 232 tons in total. As a rule, between 80% to 90% of all cotton imports originate from countries within the Southern African Development Community as there is no import duty applicable on cotton lint imports from these countries in terms of a free trade agreement.

During the 2017/18 marketing season, 8 443 tons of cotton lint were exported by ginners. In the past between 70% to 90% of the local cotton production was annually exported but this percentage may shrink in future as more South African cotton is expected to be taken up in the local integrated supply chain programs initiated under the Cluster.



## Comparison of cotton lint prices over the past three marketing years.

The graph shows a comparison of international cotton prices as represented by the A index (converted to R/kg cotton); actual average seasonal prices of local cotton sold vs. the seasonal prices offered for local cotton destined for the Sustainable Cotton Cluster's Integrated Supply Chain Programmes.



# COTTON

## GMO COTTON IN AFRICA

Ethiopia, Swaziland and Nigeria have become the latest African countries to authorise the cultivation of Bt cotton crops. This means that there are now seven African countries that have approved Bt cotton varieties for planting by farmers. The other four African countries are South Africa, Sudan, Kenya and Malawi.

## Zimbabwe Cotton Production Report

In the 2017/18 growing season, approximately 180 000 Zimbabwean farmers grew cotton on about 200 000 hectares of land with an estimated production output of 73 000 tons of cotton lint. In the 2011/12 growing season 288 301 Zimbabwean cotton farmers produced 143 788 tons of cotton lint on 432 901 hectares.

## AGRI SA'S 2017 TRANSFORMATION REPORT

Agris SA's members and affiliates are actively pursuing the goals of the NDP through its various development initiatives such as training courses, mentorship programs, recapitalisation as well as social development projects.

In 2017, 108 307 emerging farmers were reached by these programmes and R331 million spent through its membership base which comprise: provincial affiliates representing approximately 28 000 farmers; commodity chamber representing 25 commodity organisations; and the corporate chamber representing 32 corporate entities involved in the agriculture value chain.

## Cotton Experiments in Space

The Cotton Sustainability Challenge will explore cotton efficiency and sustainability on the International Space Station (ISS). Three new projects to improve the efficiency and sustainability of cotton farming on Earth will soon head to space.



Each project will receive in-orbit access to the ISS National Laboratory and hardware implementation assistance as well as up to \$1 million in grant funding. One of the concepts will employ a customisable and scalable "machine learning platform" to monitor and analyse ISS remote sensory imagery relating to cotton agriculture in real time. Another project seeks to use genetic sequencing to examine the gene expression and other features of three different cotton cultivars grown in the absence of gravity. Gaining new insight into plant growth and regeneration could help us grow cotton that requires fewer resources. Since root formation is typically a response to gravity, the ISS National Lab will provide a "unique opportunity" to understand the factors that promote root development, amongst others.

The ultimate goal of the Cotton Sustainability Challenge is to generate solutions for growing cotton on an increasingly thirsty planet.

# NEWS



## SA CLOTHING RETAILERS

**S**outh African shopping mall owners are bracing themselves for a sharp rise in vacancies because of the possibility of the Edcon group slashing its retail footprint by a third of its existing space. As it stands, Edcon occupies around 1.5 million square metres through its Edgars, Jet, CNA and Boardmans brands.

Edcon has lost substantial market share within key retailing categories. This is confirmed by the group's sales growth figures, which show that Edgars and Jet have underperformed their peers, with sales falling by 6.7% and 6.3% respectively in the year ending March 2017. That can be compared with the 16.5% growth in sales at Pep and Ackermans, the 1.4% increase at Woolworths and the 0.5% decline at Mr Price last year.

Mr Price this year reported a 7.6% growth in sales. Mr Price recently announced that it plans to enter the Polish market by Nov. 2018. This will be the company's second foray into the Northern Hemisphere, after entering Nigeria in 2012.

## SA's Clothing Exports to the USA

In 2017 SA's biggest clothing export to the US was woven mens/boys trousers of cotton worth US\$202.7 mill. followed by knitted sweaters, pullovers, sweatshirts, of man-made fibres worth US\$123.6 mill. whilst the third largest apparel export to the US was woven mens/boys shirts of cotton worth US\$120.7 mill.

## REPRINTING OF COTTON GUIDES FOR SA SMALL-HOLDER FARMERS

The cotton production guide for small-holder farmers, guides on pests and weeds and a pesticide handling and storage guide were all reprinted. The four booklets are available on request and will also be distributed at farmer days and used for training purposes. Even commercial farmers are requesting copies of these booklets. The material was updated to also include the principals of BCI (Better Cotton Initiative). Cotton SA again express their gratitude towards Solidaridad who sponsored a total of 6 500 copies.

## NEW INFORMATION ON COTTON SA'S WEBSITE

In addition to weather information, various textile statistics have also recently been added to the Cotton South Africa website.

General statistics regarding textiles and clothing are collected from Stats SA on a monthly basis, namely: the Consumer Price Index; the Producer Price Index; the Volume of Production Index and Value of Sales and also Retail Trade Sales statistics. Import and export statistics are also obtained from SARS monthly. The latter information covers the volume and value per production tariff subheading per country. Stats SA also publishes employment figures and information regarding capacity utilisation on a quarterly basis.

These statistics are compiled into reports under the Resources heading on the Cotton SA website and published quarterly. An annual report "Textile Statistics" are also published on the website



# KATOENMARKVERSLAG SOOS OP 1 AUG. 2018

**REKORD VERBRIUK VAN 27.5 MILJOEN TON WORD VIR 2018/19 GEPROJEKTEER**

	A INDEKS <i>Gem. VSAc/lb</i>	AFGELEIDE RSA "PRYS" <i>Gem. SA c/kg</i>
Verlede week (23/07 - 27/07/18)	97.26	2858.54
Jul 2018	96.32	2844.19
<b>Vandag (01/08/18)</b>	<b>99.50</b>	<b>2913.10</b>
Jun 2018	97.69	2862.14
<i>Vandag 'n Jaar gelede</i>	79.00	2326.63
<i>Vandag twee jaar gelede</i>	82.85	2549.18

Die **COTLOOK A INDEKS** is 'n daagliks aanwyser van internasionale katoenveselprys en is die gemiddeld van die 5 goedkoopste kwotasies (koste & vrag) van die belangrikste katoentypes wat internasionaal verhandel word, bestemming Verre Ooste.

Globale spanning oor handel aan die begin van Julie het aanleiding gegee dat katoenpryse afwaarts tot 92 VSA c/lb beweeg het. Selfs met tariewe ingestel op 'n verskeidenheid van goedere o.a. katoen deur China, die wêreld se grootste invoerder van katoen, op die VSA, die wêreld se grootste katoenuitvoerder, het prys herstel en opwaarts beweeg wat die sterk vraag veral in Asië en Suidoos-Asië weerspieël. Die jongste data bevestig dat katoenvoorrade heelwat in die komende seisoen sal daal wat prys moontlik op hulle huidigevlakte kan ondersteun en selfs aanleiding tot hoër prys kan gee.

**M**et die 2017/18 seisoen wat op 31 Julie 2018 afgesluit het, rapporteer die International Cotton Advisory Committee (ICAC) dat 26.9 miljoen ton katoenvesel in 2017/18 geproduceer is, 'n styging van 16% teenoor die vorige seisoen. Die groot produsente, wat vir 90% van die globale katoenproduksie verantwoordelik was, is: Indië, China, die VSA, Brasilië, Pakistan, Wes-Afrika, Turkye, Australië en Uzbekistan. Volgens die ICAC het die wêreldvraag na katoen in 2017/18 met 8% toegenem tot 26.4 miljoen ton. Verbruik in China het met 8% vanaf die vorige seisoen tot 8.7 miljoen ton verhoog en invoere met 24% tot 1.36 miljoen ton. Verbruik in Indië, die wêreld se tweede grootste verbruiker van katoen met 'n tekstielbedryf wat onafhanklik van invoere is, het min of meer stabiel op 5.2 miljoen ton gebly.

Hoër katoenpryse dryf tradisioneel besluite om te plant of nie, maar volgens die ICAC is omgewingstoestande en die beskikbaarheid van water van die grootste faktore wat in 2018/19 katoenproduksiesbesluite sal beïnvloed. Wêreldkatoenproduksie vir 2018/19 word deur die ICAC op 25.9 miljoen ton geprojekteer, 'n daling van 4% teenoor 2017/18. In Indië sal 3% minder katoenhektare na verwagting aangeplant word as gevolg van die vorige seisoen se verliese weens plaagprobleme. In die VSA sal katoenhektare wat ge-oes word na verwagting





met 5% daal, hoofsaaklik as gevolg van voortdurende droogte en moontlike plaagprobleme. Die ICAC verwag dat katoenhektare in China in 2018/19 min of meer stabiel op 3.3 miljoen hektaar sal bly.

Wêreldkatoenverbruik word deur die ICAC geprojekteer om in 2018/19 met 4% tot 'n rekord 27.5 miljoen ton toe te neem, 'n verbetering oor die vorige rekord van 26.7 miljoen ton vir 2007/08. Met wêreldverbruik op 'n nuwe hoë vlak, sal druk op voorrade aanleiding gee dat wêreldkatoenvoorrade op 31 Julie 2019 met 1.6 miljoen ton tot 17.7 miljoen ton kan afneem. Katoenvoorrade in China word ook deur die ICAC geprojekteer om tot 7.5 miljoen ton teen die einde van die 2018/19 seisoen te daal terwyl katoenvoorrade buite China na verwagting stabiel op 10.2 miljoen ton sal bly.

Met handelkwesties wat die uitvoermark affekteer, kan VSA-katoen teen 'n premie van 25% minder aantreklik vir Chinese kopers wees, maar kan VSA-katoen weer meer mededingend in ander markte wees. Ander groot katoenuitvoerders kan weer baat vind by die groter vraag uit China. Die ICAC verwag ook dat die sterk wêreldvraag na katoen aanleiding kan gee tot die ontwikkeling van nuwe handelspatrone vir katoen.

Koot Louw - Katoen SA

**W**at die plaaslike vooruitskouing betref, duis die 7e skatting vir die 2017/18 produksiejaar op 'n katoenoes van 191 310 bale vesel vir die RSA, 'n styging van 147% teenoor die vorige seisoen en 2% meer as die vorige maand se skatting. Droeland-en besproeiingshektare toon onderskeidelik toenames van 67% en 168% teenoor die vorige seisoen hoofsaaklik weens die meer gunstiger prys van katoen teenoor mededingende gewasse asook die hernieuwe belangstelling in katoenproduksie.



PRODUCTION REGION	HECTARES IRRIGATION	HECTARES DRYLAND	YIELD IRRIGATION kg seed cotton/ha	YIELD DRYLAND kg seed cotton/ha	PRODUCTION 200 kg bales cotton lint	% OF CROP HAND PICKED	% OF CROP GINNED SO FAR
<b>LIMPOPO PROV.</b>							
Loskop	5083	193	3750	500	34484	0%	0%
North & South Flats	731	9236	3800	800	18300	0%	0%
Koedoeskop/Dwaalboom/Thaba:	2717	0	5000	0	25132	0%	0%
Limpopo Other	620	171	3500	600	4091	0%	0%
Weipe	746	0	3167	0	4371	0%	40%
<b>NORTHERN CAPE</b>							
Vaalharts	3009	0	4949	0	27548	0%	40%
Lower Orange River	398	0	4500	0	3313	0%	40%
Rest of Northern Cape	3894	0	4992	0	36564	0%	40%
<b>NORTH WEST</b>							
Stella/Delareyville/Schweizer	1042	4919	5000	1446	22800	8%	40%
Taung	0	0	0	0	0	0%	0%
<b>KWAZULU-NATAL</b>							
1330	1110	4320	600	11860	23%	47%	
<b>MPUMALANGA</b>							
0	2017	0	763	2847	100%	0%	
<b>EASTERN CAPE</b>							
0	0	0	0	0	0	0%	0%
<b>RSA TOTAL</b>	<b>19570</b>	<b>17646</b>	<b>4464</b>	<b>958</b>	<b>191310</b>	<b>4%</b>	<b>23%</b>
Swaziland*	0	1000	0	600	1080	100%	0%
Botswana*	0	0	0	0	0		
Namibia*	0	0	0	0	0		
Zimbabwe*	0	0	0	0	0		
Mozambique*	0	0	0	0	0		
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>19570</b>	<b>18646</b>	<b>4464</b>	<b>939</b>	<b>192390</b>	<b>4%</b>	<b>23%</b>

\* Particulars relate to expected purchases of seed cotton by RSA & Swaziland ginners from these countries.



# Outlook on Textiles & Clothing

**Employment (or the lack of employment opportunities) is a major concern for South Africa. Everybody encourages the creation of new job opportunities in the light of our high unemployment rate and government tried various routes and programmes.**

According to Statistics SA there is a decline in the unemployment rate. The formal sector employment absorption rate and the labour force participation rate declined, while the informal sector employment increased.

Total employment in the agriculture sector was 842 250 jobs in 2017, down by 7.6% compared to 2016. Total employment in the manufacturing sector is calculated at 1.19 million jobs in 2017, up by 0.4% from the previous year.

In the textile and clothing industries, employment however, continues to decline mainly due to retrenchments and closure of factories as local companies find it difficult to compete with low-priced imported textiles and clothing. Employment in the textile and clothing industries represents approximately 6% of the total employment in the manufacturing sector.



of 6 190 jobs. In the case of "other textiles", jobs declined from 30 736 in 2008 to 22 460 jobs in 2017 (a loss of 8 276 jobs). The situation is no different in the case of clothing, where jobs declined from an average of 56 613 in 2008 to 36 967 jobs in 2017, a loss of about 35% or 19 646 jobs. Knitting mills (both fabrics and clothing), however, showed a different picture. Jobs in this sector declined from 6 286 in 2008 to 4 720 jobs in 2015. Thereafter jobs increased to 6 071 jobs in 2017, close to the 2008 level.



What needs to be done? That is the question! A whole chain reaction is necessary. For example, to increase jobs in the clothing and textile manufacturing sector, local demand and exports need to increase and imports should decrease of course. Price of goods plays a role, as does electricity, fuel, raw materials, wages, the exchange rate, import duties and many more.

Employment in the sector "preparation and spinning of fibres, weaving of textiles" declined from an average of 15 080 jobs in 2008 to 8 890 jobs in 2017, a decline of approximately 41% over this period, or a loss

Formal job creation will obviously not be that easy.

*Helena Claassens - Cotton SA*



# *Die gradering & bemarking van katoen*



*Die gradering en klassifikasie van katoenvesel (Cotton Classing) vorm 'n integrale deel van internasionale katoenbemarkingstrategie sover dit die voorkoms en verskillende kwaliteitsaspekte van katoen betref.*

**Hein Schroder - Katoen SA**

## Bemarking van die katoenvesel

'n Wye verskeidenheid van grade, asook katoen met verskillende vesellengtes en kwaliteite word wêreldwyd geproduseer en derhalwe word katoen volgens verskillende bemarkingmetodes aan die tekstielbedryf beskikbaar gestel.

In enige bemarkingsaksie vorm die graad en vesellengte (grade & staple) die basis en prys van die betrokke besending katoen. In die proses word daar dan ook voorsiening gemaak vir verskillende grade en kwaliteite in die vorm van premies en kortings (premiums & discounts) of ook bekend as "International cotton value differences". Daar sal gevind word dat die basisgraad en vesellengte wat gebruik word, van land tot land kan verskil.

Van die verskillende bemarkingmetodes word die volgende die meeste benut: Volgens beskrywing gebaseer op die "Universal Standards" - hierdie is 'n sisteem van fisiese graadevaluering (kleur) met verwysing na die "Universal Cotton Grade Standards". Die beskrywing laat kopers en handelaars toe om die katoen te identifiseer volgens die norm wat in die "Standard Boxes" verteenwoordig word.

Gebaseer op "type" - dit is 'n proses waar katoen bemark word volgens 'n privaat veselmonster wat die spesifieke eienskappe soos gespesifieer deur die verkoper aan die koper vir sy goedkeuring, voorgehou het. Die koper word dan voorsien van 'n duplikaat veselmonster wat ook dieselfde spesifieke graad en lengte verteenwoordig

HVI (High Volume Instrument Testing) of as alternatief "SITC" (Standard Instrument Testing) - verskaf inligting wat nie verkrybaar is deur die fisiese of handgraderingsaksie nie. Die verkoper spesifieer gewoonlik die benodigde veselinligting in die kontrak. Hierdie bemarkingmetode is besig om geweldig toe te neem en al hoe meer katoen word op hierdie wyse van die hand gesit.

Ander metodes soos "sale on government class" - dit beteken dat verkope van katoenvesel gebaseer is op "USDA"-standaarde wat betrek graad, kleur, vesellengte en mikronér maar wat ook standaard HVI-metings, insluit.

*vervolg op bladsy 18*

**G**radering soos dit algemeen bekendstaan, is nodig om die voorkoms d.i.; die "Colour & Leaf Grade; die vesellengte; die mikronérwaarde (fynheid); die veselsterkte asook ander belangrike meetbare veselleienskappe volgens internasionale graderingstandaarde, te bepaal. Hierdie belangrike aksie help nie net om 'n realistiese waarde vir die katoenvesel te bepaal nie maar stel die spinner ook in staat om die spinbaarheid van die vesel vir sy spesifieke behoeftte te evalueer.

## Verskillende graderingsmetodes

### HVI (High Volume Instrument) ontledings:

Daar is verskillende prosesse om die graderingsaksie uit te voer, waarvan die gebruik van HVI instrumente die algemeenste regoor die wêreld is. Baie streng internasionale riglyne, procedures, kalibreringsprosesse en kontroles word toegepas om die herhaalbaarheid met betrekking tot die akkuraatheid van die veseltoetse te kontroleer. In hierdie oopsig is die Kwaliteitsbeheerafdeling van Katoen SA dan ook deur die "Bremen - International Cotton Association" gesertifiseer as 'n geakkrediteerde internasionale graderingslaboratorium.

### Handgradering:

Hierdie tradisionele graderingsproses waar katoen fisies met die hande hanteer word om die sigwaarde en gevoel van die katoen (sight and touch) te beoordeel, is nog steeds in baie dele van die wêreld in gebruik.

Die graderingsaksie word o.a. ook gebruik om die voorkoms van die katoen wat "colour & leaf grade" betref (volgens die "Universal Upland Grade Standards) te bepaal. Vesellengte, mikronér en veselbereiding asook die identifisering van vreemde materiaal (foreign or extraneous matter) is ook deel van hierdie proses. Individuale toetsapparate en ander internasionale kalibreringstandaarde word ook as hulpmiddels benut waar nodig. Hierdie handaksie moet deur goed opgeleide graderingspersoneel uitgevoer word en bied in baie gevalle ook ondersteuning aan HVI ontledings waar vooraf graad-en vreemde-materiaalidentifisering gemaak moet word.

Omdat New York ICE termynpryse in die meeste gevalle as basis vir pryskwotasies in die Suid Afrikaanse mark dien waar premies en kortings (premiums & discounts) op Strict Low Middling 1 1/16" (1.06 - HVI lengte) gebaseer word, word dit dan ook as basisgraad en lengte in die SA Katoenprysmatriks (SA Cotton Price Differentials) gebruik.

Op 'n onlangse vergadering van SAKPO is daar aanbevel dat slegs die Amerikaanse "Universal Upland Cotton Grade Standards" voortaan gebruik moet word by die gradering en klassifikasie van Suid-Afrikaanse geproduseerde katoen in plaas van die SA graderingstandaarde wat die grade Deal, Dirk, Doly, Duns en LFY verteenwoordig het en dat die aangepaste Katoenprysmatriks soos hieronder, aanvaar word as riglyn vir plaaslike katoenverkope.

Die Katoenprysmatriks is 'n baie handige dokument om die waarde van die SA geproduseerde katoen, d.w.s wat die vesel na pluis realiseer, aan te du. Dit kan selfs vir katoen wat in die buiteland bemark word 'n handige instrument wees.

## SA Price Matrix (SA Cotton Price Differentials) - Basis: Strict Low Middling 1 1/16"

### MINIMUM STRENGTH VALUE - 26 g/tex

CLASS	AX	AO+	AO	A1	A2	B
<b>AVG HVI STAPLE</b>	<b>1,19</b>	<b>1,16</b>	<b>1,12</b>	<b>1,09</b>	<b>1,06</b>	<b>1,03</b>
<b>STAPLE</b>	<b>1 3/16"</b>	<b>1 5/32"</b>	<b>1 1/8"</b>	<b>1 3/32"</b>	<b>1 1/16"</b>	<b>1 1/32"</b>
<b>MICRONAIRE</b>	<b>3.5 - 4.9</b>					
<b>GRADE</b>						
DEAL / GOOD MIDDLING	R 25,52	R 25,19	R 24,97	R 24,53	R 23,65	R 22,28
DIRK / STRICT MIDDLING	R 23,84	R 24,53	R 24,31	R 23,98	R 23,10	R 21,75
DOLY / MIDDLING	R 24,42	R 23,98	R 23,76	R 23,43	R 22,55	R 21,23
DUNS / STRICT LOW MIDDLING	R 23,87	R 23,43	R 23,21	R 22,88	<b>R 22,00</b>	R 20,70
LFY / LOW MIDDLING	R 23,32	R 22,88	R 22,66	R 22,22	R 21,34	R 20,06

### MINIMUM STRENGTH VALUE - 24.5 g/tex

CLASS	AOM	A1M	A1L	A2L
<b>AVG HVI STAPLE</b>	<b>1,12</b>	<b>1,09</b>	<b>1,09</b>	<b>1,06</b>
<b>STAPLE</b>	<b>1 1/8"</b>	<b>1 3/32"</b>	<b>1 3/32"</b>	<b>1 1/16"</b>
<b>MICRONAIRE</b>	<b>3.30 - 3.49</b>	<b>3.30 - 3.49</b>	<b>3.00 - 3.29</b>	<b>3.30 - 3.49</b>
<b>GRADE</b>				
DEAL / GOOD MIDDLING	R 24,42	R 24,09	R 23,43	R 23,21
DIRK / STRICT MIDDLING	R 23,87	R 23,54	R 22,88	R 22,66
DOLY / MIDDLING	R 23,32	R 22,99	R 22,33	R 22,11
DUNS / STRICT LOW MIDDLING	R 22,77	R 22,44	R 21,78	R 21,56
LFY / LOW MIDDLING	R 22,22	R 21,78	R 21,12	R 20,90

### PRICE DIFFERENTIALS - Percentage above/below base price for Strict Low Middling 1 1/16"

STAPLE	1 3/16"	1 5/32"	1 1/8"	1 3/32"	1 1/16"	1 1/32"
<b>AVG HVI STAPLE</b>	<b>1,19</b>	<b>1,16</b>	<b>1,12</b>	<b>1,09</b>	<b>1,06</b>	-
<b>GRADE</b>						-
DEAL / GOOD MIDDLING	16,0%	<b>14,5%</b>	13,5%	11,5%	7,5%	-
DIRK / STRICT MIDDLING	13,5%	<b>11,5%</b>	10,5%	9,0%	5,0%	-
DOLY / MIDDLING	11,0%	<b>9,0%</b>	8,0%	6,5%	2,5%	-
DUNS / STRICT LOW MIDDLING	8,5%	<b>6,5%</b>	<b>5,5%</b>	4,0%	<b>0%</b>	-
LFY / LOW MIDDLING	6,0%	<b>4,0%</b>	<b>3,0%</b>	1,0%	-3,0%	-

STAPLE	1 1/8"	1 3/32"	1 3/32"	1 1/16"
<b>AVG HVI STAPLE</b>	<b>1,12</b>	<b>1,09</b>	<b>1,09</b>	<b>1,06</b>
<b>MICRONAIRE</b>	<b>3.30 - 3.49</b>	<b>3.30 - 3.49</b>	<b>3.00 - 3.29</b>	<b>3.30 - 3.49</b>
<b>GRADE</b>				
DEAL / GOOD MIDDLING	11,0%	9,5%	6,5%	5,5%
DIRK / STRICT MIDDLING	8,5%	7,0%	4,0%	3,0%
DOLY / MIDDLING	6,0%	4,5%	1,5%	0,5%
DUNS / STRICT LOW MIDDLING	3,5%	2,0%	-1,0%	-2,0%
LFY / LOW MIDDLING	1,0%	-1,0%	-4,0%	-5,0%

- Pryse in die tabel slegs ter illustrasie.
- Die prys vir B katoen moet in ooreenstemming met die A2L prys minus 4% wees.
- BSG is enige katoen met 'n vesellengte van minder as 1" (25.4mm) of met 'n mikronêrwaarde laer as 3.00 of katoen wat in voorkoms swakker as die LFY graad presteer.

### PRAKTISE VOORBEELD

Veronderstel pluksel word by "n pluismeule gelewer en die veselresultate word na pluis as "Strict Low Middling" 1 1/16" of Duns A2 geklassifiseer, sal die veselprys R22.00 p/kg beloop. Indien dieselfde graad katoen egter so presteer dat dit

katoenvesel met 'n vesellengte van 1 1/8" lewer, sal die klasgroepering Duns AO wees met 'n premie van 5.5% daarop wat 'n totale prys van R23.21 p/kg gee (geen ander moontlike aftrekings deur die pluismeule is hier in aanmerking geneem nie).

# Verduideliking van gebruik van die SA Katoenprysmatriks

- In die SA Katoenprysmatriks word voorsiening gemaak vir vyf Internasionale grade wat bekend staan as die "Universal Standards for Grade" waarvolgens Suid-Afrikaanse geproduseerde katoen deur die Kwaliteitsbeheerafdeling van Katoen SA geklassifiseer word.
- Voorsiening word gemaak vir die verskillende vesellengtegroeperings wat vanaf  $1\frac{3}{16}$ " (1.19 - HVI lengte) met lengte intervalle van  $1/32$  van 'n duim tot 1.00 duim of 25.4mm in die graderingstelsel gebruik word.
- Die voorgestelde kortings (discounts) kom ter sprake vir katoenvesel met 'n mikronêr-waarde van laer as 3.5 (afhangend van die graad).
- Internasionale aanvaarde mikronêrwaardes sonder enige finansiële benadeling strek vanaf 3.5 tot 4.9. Enige katoenvesel hoër as 4.9 kwalifiseer ook vir 'n korting.
- Die drie belangrikste vesel eienskappe, naamlik vesellengte, -mikronêr en -sterkte, wat voldoen aan dieselfde minimum spesifikasies word in 'n gepaste klas- en graadgroepering geplaas met 'n vasgestelde prys wat daaraan gekoppel word:
- Die AX-klas beteken bv. dat die vesellengte aan 'n minimum van  $1\frac{3}{16}$ " (1.19 HVI lengte) asook aan die minimum voorgeskrewe mikronêr- en veselsterkte-groepering voldoen. Daarna word dit aan die toepaslike graad gekoppel.
- Die A1-klas verwys weer na 'n lengte-groepering van  $1\frac{3}{32}$ " (1.09 - HVI lengte).
- Katoen met 'n mikronêr-waarde van bv. 3.3 en wat aan 'n vesellengte van  $1\frac{1}{8}$ " (1.13 - HVI lengte) voldoen, afhangend van die graad, sal met die gepaste graad as bv. AOM geklas word.



## KATOEN SA KWALITEITSBEHEERAFDELING BUITELANDSE BESOEKE

### Uster Technologies – Knoxville, VSA

Gert Klindt van Katoen SA het onlangs Uster Technologies, vervaardigers van HVI masjiene, besoek om deel te neem aan 'n opleidingsprogram vir die Uster HVI 1000 masjiene (waarvan Katoen SA drie het) om hom in staat te stel om die masjiene self te kan diens. Die praktiese opleiding het die

volgende behels: onderhoud en identifisering van probleme soos gebuigde naalde, vervanging van kamme, verstelling van die drompositie, skoonmaakprosedures, fout-kodes en regstelling asook die installering van nuwe sagteware en rugsteun van die database. Beste bedryfspraktyke vir die HVI masjiene en Bremen toetsaksies is ook gedek.



### 34e Internasionale Katoenkonferensie Bremen, Duitsland

Gert Klindt het gedurende Maart 2018 ook hierdie konferensie bygewoon. Hierdie jaarlikse konferensie is 'n belangrike forum vir wetenskaplike en praktiese bruikbare insigte in sleutelkwesties rondom katoenproduksie en tekstielverwerking. Onderwerpe en besprekings het gewissel van die CSITC/ITMF se nuwe

katoenveseltoetshandleiding tot nuwe kamera-tegnologie vir kleur- en "trash"-bepaling tydens katoenkwaliteitontledings. Gert is tydens die konferensie ook genooi om 'n vergadering van die CICCA (Committee for International Cooperation between Cotton Associations) by te woon met die oog om Katoen SA lid van die organisasie te maak, wat toe ook plaasgevind het.

# JONG KATOENBOERE STUDIETOER NA AUSTRALIË

*Opsomming uit 'n verslag saamgestel deur Janlo Moller van Die Vlake Katoenstudiegroep*



Uit nominasies wat uit die produksiestreke ontvang is, is 15 jong katoenboere deur die SAKPO Dagbestuur geïdentifiseer om 'n studietoer na Australië mee te maak met SAKPO, Katoen SA en AFGRI wat vir reis- en verblyfkostes ingestaan het.

## DAG 1 - TOOWOOMBA (125km vanaf Brisbane)

Op Maandag 30 April 2018 skop die toer af met 'n plaasbesoek by Mr. Graham Clapham, 'n gesiene katoenboer in die Cecil Plains area van Toowoomba. Graham boer op 1900ha waarvan 1580ha besproei kan word.

Ná afloop van die plaasbesoek is die toergroep terug motel toe vir 2 aanbiedings waarvan die eerste betrekking het op 'n biologiese plaagbestryding produk ontwikkel vir spesifiek bolwurm terwyl die 2e voorlegging gehandel het oor Cotton Australia se myBMP program wat ook aansluit by die globale BCI program. Die opname van BCI praktyke onder Australiese produsente is besig om toe te neem. Die Cotton Australia heffing wat elke produsent moet betaal (A\$1.50 per baal) betaal vir myBMP en BCI registrasie.

Daarna is 'n staalwerke firma te besoek wat spesialiseer in die vervaardiging van wortelsnyers vir katoen (TTQ).



A newspaper clipping from the "GROWING DAYS" section of the "SRS" newspaper. The headline reads "Interest in growing dry land cotton". Below the headline is a large photograph of a group of approximately 20 people standing in a field of cotton plants. Some individuals are wearing hats and work clothes. The caption below the photo reads: "Enthusiasm for cotton abounds ... the tour group from South Africa with local cotton growers and agronomists." To the left of the main photo is a smaller inset photo showing several people in a cotton field, with the caption: "This looks like the cotton fields back home ... South African cotton farmers on Saal's cotton farm at Brookstead."

## DAG 2 - TOOWOOMBA / GOONDIWINDI

Die volgende dag is mn. Wayne Saal wat naby Brookstead suid-wes van Toowoomba boer, besoek. Wayne plant 1330ha droëland katoen op swaar turf. Ná afloop van die plaasbesoek word die Namoi Macintyre Pluismeule buite Goondiwindi besoek. Namoi Cotton besit 13 katoen pluismeulens in NSW en Queensland.

Daarna word 'n besoek by ProClass, Australië se leidende katoen graderingsagentskap, afgelê. Die maatskappy is ten volle onafhanklik, met produsente, kopers en gradeerders wat gelyke aandeel daarin besit. ProClass gradeer ongeveer 65% van die katoen wat in Australië geproduseer word.



## DAG 3 - GOONDIWINDI / MOREE (350km & 480km vanaf Brisbane)

Twee plase is besoek, die van Will Coulton, 'n vooruitstrewende jong boer wat naby Goondiwindi op 14 000ha gemengde boerderye met 13 voltydse werkers boer en die plaas van Peter Weal en sy vennoot Andrew Crowe wat Noord van Moree op 20 000 ha boer en katoen as 'n wisselbougewas aanplant. By Ig. word stroopwerk gedoen met rondebaal "strippers" teen 'n kontrakteurkoste van \$200/ha. Insetkoste op droëlande wissel tussen \$900-\$1100/ha.



In die Moree-gebied kos droëlandgrond R25 000-R30 000/ha.



#### DAG 4 - MOREE

Besoek is gebring aan Brighann Cotton, 25km wes van Moree, wat 'n katoenpluis/stoor/vervoer- en bemarkingsmaatskappy is met sy ontstaan uit 'n familie boerdery en is vandag nog in privaat besit van die Seery familie.

Daarna is Aircair Aviation, 'n vliegtuigbespuitingskontrakteur, besoek. Die maatskappy besit 12 vliegtuie en een vliegtuig kan teen 30-40l/ha ongeveer 1200-1500ha per dag sput. Sputkoste beloop A\$13/ha teen 30l/ha.



#### DAG 5 -NARRABRI / WEE WAA (600km vanaf Brisbane)

Die Australian Cotton Research Institute (ACRI) se Narrabri proefplaas is besoek asook Cotton Seed Distributors (CSD) te Wee Waa waar 100% van Australië se katoenproefaanplantings gedoen word met plaaslik ontwikkelde en vermeerderde saad.

CSD wat in 1967 gestig is, is die eksklusieve verskaffer van katoensaad aan Australiese boere.

#### SLEUTELBEVINDINGS

Die plase en areas besoek tydens die toer vergelyk goed met die heersende toestande op die Springbokvlakte. Die swart turfgronde met hoë klei-inhoud en gevoglike hoë waterhouvermoë is baie soortgelyk as groot dele van die vlakte. Deur die bank is reënval die grootste kommer en beperkende faktor vir die boere wat besoek is, maar met 'n gemiddelde jaarlike reënval van 600-700mm lyk dit asof hulle steeds beter af is as die boere op die Springbokvlakte.

Onder die toerlede was daar deurgaans 'n gesprek rondom die goeie kultivars wat Australiese boere tot hulle beskikking het teenoor die ouer kultivars in Suid-Afrika.

Ná afloop van die besoek aan CSD is daar nuwe hoop dat die toppresteerders onder die Australiese kultivars, spesifiek die Sicot74BRF kultivar, hulle weg na Suid-Afrika sal vind.

Nog 'n besprekingspunt onder toerlede was die verhouding tussen boer en pluismeule en die berekening van die boer se vergoeding vir sy katoenoes. In Australië word katoen gepluis op 'n "contract ginning" basis. Die boer lewer saakatoen aan die pluismeule en betaal die pluismeule 'n fooi ( $\pm$ A\$65 per 227kg veselbaar). In byna alle gevalle verkoop die boer sy katoensaad terug aan die pluismeule en ontvang  $\pm$ A\$78 per

veselbaar vir die saad. Die bemarking van die veselbare lê in die hande van die boer. Hy kan dit óf aan die pluismeule verkoop, deur 'n derde party bemark of stoor by die pluismeule met stoorkoste. Daar bestaan markinstrumente in Australië waar produente katoen vooruit kan bemark vir tot 3 jaar. Die pluis en klas van katoen is relatiewe vinnige prosesse en indien die boer sy vesel aan die pluismeule verkoop, ontvang hy sy geld 14 dae nadat die klassifikasie van sy katoen afgehandel is.

Die toerlede betuig hulle opregte dank aan die borge: SAKPO, Katoen SA en AFGRI vir die geleentheid om hierdie toer mee te kon maak.




# STAND VAN DAMME & KLIMAATVOORUITSIGTE

SOOS OP 6 AUG. 2018

GARIEPDAM




VAALDAM



VANDERKLOOFDAM



STERKFONTEINDAM



LOSKOPDAM



BLOEMHOFDAM



## KLIMAATSVOORUITSIGTE: Augustus tot Desember 2018

Die El Niño-Suidelike Ossillasie (ENSO) is nog in 'n neutrale fase en sal na verwagting styg na 'n El Niño-fase deur die lente tydperk. Die waarskynlikheid van 'n El Niño voorkoms is aan die toeneem namate die lente naderkom maar dit is nog te vroeg om die potensiële impak van die voorspelde El Niño te bepaal. Tipiese gevolge is droër en warmer toestande vir die somerreënvalgebiede gedurende die somer.

Die voorspellingsstelsel dui bo-normale reënval oor die westelike kusstreke tydens die vroeë lente (Aug-Sep-Okt), en onder-normale voorspellings vir die suidelike kusstreke vir die lente (Sep-Okt-Nov). Laat lente (Okt-Nov-Des) voorspellings wys bo-normale reënval oor die oostelike kusgebiede. Algehele hoër temperature word verwag op pad na die lentetydperk toe. Daar is 'n besonder vol vertroue voorspelling vir bo-normale temperature oor die noordelike dele van die land.

SA WEERDIENS

**mahyco  
grow**

**DELTAPINE®**



**Mahyco Grow bestaan sedert 1964 waartydens hulle baanbreker werk doen in landbounavorsing om die beste produk aan die boer te bring ten einde die opbrengste en kwaliteit op die plaas konstant te verbeter. Nou het Mahyco Grow SA hierdie filosofie uitgebrei na Suid Afrika om die-selfde kwaliteit aan die Suid Afrikaanse boer te verseker.**

**Deltapine ® die variëteite wat nog steeds top presteer op besproeiing sowel as droëland omstandighede:**

**DP 1541B2RF**—Vol seisoen, uitstaande opbrengste met hoë veselpersentasie.

**DP 1531B2RF**—Medium seisoen, uitstaande opbrengs met top veselpersentasie.

**DP 1240B2RF**—Vol seisoen, uitstaande opbrengste met goeie veselpersentasie.

**PM 3225B2RF**—Vol seisoen, uitstaande opbrengste harige blaaroppervlak teen bladspringers—uiters geskik vir handpluk kleinboer.

**Delta 18RF**—Toevlugsvariëteit, medium vol seisoen, hoë opbrengspotensiaal.

**Navrae : Mahyco Grow SA—Tel 013 262 2972 of 083 305 6160**

**"PARDON ME,  
BUT I'M JUST  
EXAMINING OUR  
TOWELS FOR THE  
COTTON MARK."**



**P**eople who know believe in the Cotton Mark.

When the Cotton Mark guarantees that the shirt, the sheet, the towel or anything else you're buying is quality-tested, 100% pure cotton, you can be sure it is.

The Mark also assures you that the cotton item you're about to buy

will hold its shape, hold its colour and resist shrinking.

To be sure you're getting quality, look first for the Cotton Mark.



**PURE COTTON AND QUALITY  
AND THAT'S A PROMISE.**